# VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

## NUUSBRIEF MAART 2026 TOT JULIE 2026

**1. Program**

| Datum 2026 | Roete | Gradering | Kontak persoon |
|---|---|---|---|
| 7 Maart | Tweede Waterval, Jonkershoek | 12 km 2A/BOranje | Johanita Kotze 082 6584082 |
| 14 Maart | Missing Link, Kamps Baai | 12 km 2A | Louise Dudley 083 635 1510 |
| 21 Maart | Helderberg – Wes Piek | 13km 3B Orange | Fay Pistorius 078 370 2269 |
| | | | |
| 28 Maart | Geelhoutroete, Twin traverse en kontoer aan die onderkant van Katedraal. | 20 km 2BOranje | Linda du Toit 0721070213 |
| 3- 6 April | Paasnaweek geen stap | | |
| 11 April | Muizenberg na Kalkbaai | 10km 2BGroen | Daleen Pretorius 084 654 3888 |
| 18 April | Kasteelpoort op en met kabelkar af | Uitdagend 3B | Johanita Kotze 082 658 4082 |
| 25 April | Sculpture Corner sirkel, Fernkloof (Hermanus) | 16-18km 3A | Johanita Kotze 082 658 4082 |
| 2 Mei | Plaisir Trail, Plaisir Wine Estate, Simondium | 14km 2A | Cynthia Slattery 072 246 1902 |
| 9 Mei | Rifberg en Katedraal Piek - Jonkershoek | 20km 4D Swart | Breyten van Merwe 078 2913675 |
| 16 Mei | Vogelgat – Vogel Poel | 15 km 2B Oranje | Loumarie van Wyk 084 6222804 |
| 23 Mei | Constantiaberg en Olifant-se-stert grot – Silwermyn - Cape Nature Reservaat | 10 km 2AOranje | Hein Gericke 082 777 0881 |
| 29 tot 31 Mei | Sederberge Maltese Kruis, Lot se Vrou en Venster rotse (aangepas na brande) | Wisselend | Francois Coetzee 083 4504168 Admin Renée Coetzee 082 926 7772 |
| 6 Junie | Skeleton Gorge tot Maclears Baken | 10km 3B Oranje | Johanita Kotze 082 6584082 |
| 13 Junie | Panorama Jonkershoek | 17km 4B Rooi | Johanita Kotze 082 658 4082 |
| 20 Junie | Kleinmond Spooknek, Dots Dash en Klipspringer tot by hawe | 15 km 2B | Maryna Loubser 084584 2864 |
| 27 Junie | Oxwagon Trail – Starting at Idiom | 10.5 km 2B Groen | Fay Pistorius 078 370 2269 |
| 4 Julie | Banhoek (Duiwelskloof) | 14km 2B/3A | Linda du Toit 0721070213 |
| 11 Julie | Koopmanskloof | 5-8 km 1A/2A | Mariella de Lange 072 170 2888 |
| 18 Julie | Assegaaiboskloof – ARC Bergrivierdam tot Jonkershoek | 22 - 27km 4BOranje | Linda du Toit 0721070213 |

**Skakel asb die spesifieke kontakpersoon vir verdere inligting. Bestudeer die Algemene Inligting 2026 dokument op die webwerf of die W/App groep rakende reëls en regulasies.**

**Langer stappe:**

| |
|---|
| **21 tot 27 April Ligtoring  Pelgrimstog van Hoop**<br><br>**Suid-Kaap: Mosselbaai tot Stilbaai 6 dae 107 km**<br><br>**Reeds vol bespreek.** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **29 tot 31 Mei Sederberge: WolfbergBoog**<br><br>**Kontak Renée Coetzee reneecoetzee16@gmail.com voor 15 Februarie 2026 om jou plek te bespreek. Daar is net plek vir 10 persone.** | | | |
| **Ryafstand** | 235km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R705.00 |
| **Stapafstand** | Saterdag 6.5 km heen-en-terug. 3 - 4 ure. Sondag 4.2 km heen-en-terug 1-2  ure. | **Fooi** | Driekhoek Groothuis: R874pp vir twee nagte; Cape Nature dag permit R90 pp |
| **Gradering** | Saterdag 3BOranje. Sondag 1AGroen | **Stapleier** | Francois Coetzee. Admin: Renée Coetzee |
| **Aanmeldtyd** | Ons vertrek Vrydag so vroeg soos almal pas en kom die aand by Driehoek Plaas aan. | **Vertrektyd** | |
| Oornag Vrydag en Saterdagaand in die Groothuis op Driehoek Plaas.<br><br>Saterdag – Maltese kruis. Die sewe kilometer-roete (heen-en-weer) na dié indrukwekkende rotsformasie duur 3 – 4 ure. Dit begin met 'n redelik stywe klim op 'n kronkelpaadjie tussen rotse en skeure, en gaan verder aan op die plato. Lieflike uitsigte en fassinerende rotsformasies. Die 30m hoë Maltese Kruis rots is ons doelwit en omdraaipunt. Roete vereis goeie fiksheid en daar is baie sonblootstelling. Hoogtestyging: 440m. Die skakel hier gee baie goeie inligting: https://capetrek.co.za/maltese-cross-hike/<br><br>Sondag – ons pak die oggend op en ry tot naby die Cederberg Kelders (18km). Die Lot se Vrou en Vensterrotse sirkelroete is 'n gemaklike 4,2km stap. | | | |

| |
|---|
| **Baviaanskloof Canyon 11 to 17 Desember 2026**<br><br>**Maak seker jy is reg vir die avontuur, hoogtes, poele, berge en dale!**<br><br>**2 plekke beskikbaar kontak Johanita Kotze by 082 65840.** |

**Dagstappe:**

| **Saterdag 7 Maart Tweede Waterval, Jonkershoek**<br><br>**Bespreek by Johanita Kotze by 082 6584082 teen 6 Maart.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | Geen | | |
| **Stapafstand** | 12 km | **Toegangsgeld** | R60.00 Wildcard houers gratis |
| **Gradering** | 2BOranje | **Stapleier** | Johanita Kotze |
| **Aanmeldtyd** | 07:00 in Jonkershoek | | |
| Ons ontmoet 7:00 by die ingangs hek Jonkershoek. Nadat permitte verkry is, ry ons in en parkeer by Witbrug. Dan stap ons met die paadjie verby Eerste Waterval tot by die Tweede Waterval vanwaar ons aanstap met die paadjie en links draai by die Kurktrekker bordjie. Ons stap dan na die hout platvorm wat n mooi uitsig oor die hele vallei bied. Na ’n tee breek keer ons met dieselfde roete terug | | | |

| **Saterdag 14 Maart 2026: Missing Link, Kampsbaai**<br><br>**Bespreek by Louise Dudley by 083 635 1510 teen 12:00 op Vrydag 13 Maart.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 60 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R180.00 |
| **Stapafstand** | 12km | **Toegangsgeld** | geen |
| **Gradering** | 2A | **Stapleier** | Louise Dudley |
| **Aanmeldtyd** | 06:45 | **Vertrektyd** | 07:00 |
| Die Twaalf Apostels “Missing Link Loop” is ‘n 12km sirkelroete wat begin en eindig in Theresalaan, Kampsbaai. Die kontoerpad het lieflike uitsigte op die Twaalf appostels, Leeukop en die Atlantiese Oseaan en is redelik gelyk, maar dit eindig met ’n stywe opdraende terug na die voertuie. (Totale elevasie van 365 m). Daar’s baie min skaduwee. | | | |

| **Saterdag 21 Maart 2026 Helderberg – Wes Piek**<br><br>**Bespreek by Fay Pistorius by 078 370 2269  teen Vrydag 20 Maart**<br><br>**Tawwe stap, 7 uur lank, bring genoeg water, hoed en sonskerm saam.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 20km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R60.00 |
| **Stapafstand** | 13 Km | **Toegangsgeld** | R30 + R20/voertuig |
| **Gradering** | B Oranje | **Stapleier** | Fay Pistorius |
| **Aanmeldtyd** | 7:00 | **Vertrektyd** | 7:15 |
| Die stap begin 7:45 by die parkeer area van die Helderberg-natuurtuin [-34.062141, 18.873203]. Ons stap aan die oostelike kant op verby Porcupine Buttress tot by die nek tussen Wes- en Sentraalpiek. Hier eet ons ontbyt met ‘n pragtige uitsig oor die Hottentots Holland-kom aan die een kant en die Stellenbosch-vallei aan die ander kant. Ons neem dan die paadjie aan die linkerkant en klim op teen Wespiek (1003m), wat 'n ongelooflike uitsig bied oor die hele | | | |

| |
|---|
| Valsbaai. Met die terugkoms stap ons af aan die westelike kant van die natuurtuin. |

**Saterdag 28 Maart Geelhout en Twin Traverse roete, Jonkershoek**

**Bespreek by linda du Toit by 072 1070 213 teen 27 Maart**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ryafstand | Geen. | | |
| Stapafstand | 20 km | Toegangsgeld | MTO R60.00 volwassenes, R55.00 pensionarisse Geen kontant word aanvaar. |
| Gradering | 3BOranje | Stapleier | Linda du Toit |
| Aanmeldtyd | 8:00 by die Jonkershoek hek. | | |

Die stap begin by die hek. Ons stap met die Geelhoutroete wat mettertyd in die Twin traverse roete oorgaan. Ons stap op ‘n paadjie, a fen toe ‘n bietjie jeep track en kan ons verlustig in die mooie Jonkershoek berge en vallei. Vanuit die Twin traverse gaan ons voort op die paadjie verby Langrivier tot waar die paadjie kruis met die opdraand na Bergriviernek. Dan stap ons af tot by Witbrug vanwaar ons met die sirkelroete terug keer na die hek.

**Saterdag 11 April 2026 Muizenberg na Kalkbaai**

**Bespreek by Delene Pretorius teen Donderdag 9 April by 084 654 3888**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 40 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R120.00 |
| **Stapafstand** | 10 km | **Toegangsgeld (Permit)** | Geen |
| **Gradering** | 2BGroen | **Stapleier** | Delene Pretorius |
| **Aanmeldtyd: Stellenbosch** | 7:00 | **Vertrektyd** | 7:15 |

Ons parkeer in Main Road onderkant die Muizenberg openbare tuine en stap op na Boyes Drive en deur “The Hole” (’n deurgrootte opening in die muur). Daarna klim ons met steil kliptrappe op verby Muizenbergpiek en neem op die nek (ongeveer 450m) die voetpad verby Nellie’s Pool na Kalkbaaipiek en weer af via die kloof na Boyes Drive. Alhoewel hierdie ‘n gemaklike stap in ‘n duidelike voetpad is, is die oppervlak hier en daar onegalig en klipperig. Vinnige stappers moet asseblief kennis neem dat die opdraende stadig gestap gaan word. Diegene wat ongeduldig gaan word om te wag vir die stadige stapleier moet asseblief nie hierdie stap meemaak nie. Die laaste gedeelte klim ons af met die trappe tussendeur die huise na Main Road en geniet ’n koffie/bier/vis en skyfies by die Brass Bell. Daarna stap ons terug na die motors wat by Muizenberg geparkeer is. Dit is ongeveer 3,5km langs die kus (in die periode na 1904 bekend as die miljoenêrsmyl) met ‘n unieke mengsel van fassinerende argitektuur, geskiedenis en natuurlik pragtige uitsigte.

**Saterdag 18 April – Kasteelpoort**

**Bespreek by Johanita Kotze by 082 658 4082 teen 17 April 2026**

**Koop jou kabelkar kaartjie voor die tyd aanlyn as jy nie ’n wildcard het nie, vir afslag**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 65 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R200.00 = |
| **Stapafstand** | 7 km | **Toegangsgeld** | kaartjie van kabelkar R295 (60 +jariges kry aansienlike afslag,R100) |
| **Gradering** | 3BOranje | **Stapleier** | Johanita Kotze |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanmeldtyd** | 7.30 by parkeerarea van Kloofnek | **Vertrektyd** | 6.45 vanaf Stellenbosch |

Hierdie is een van Tafelberg se roetes met die beste uitsigte oor Kampsbaai, Leeukop en die Twaalf Apostels. Tafelberg -een van die oudste berge op aarde, is 600 miljoen jaar oud.  Stap vanaf Teresa avenue, Kampsbaai. Sluit aan by Pipetrack, en van daar op met Kasteelspoort roete. Dit verg stamina en goeie fiksheid om plek plek te klouter oor rotse. Die voetpaadjie raak nogal steil. Van daar af stap ons na die bekende “Diving Board”(900m hoogte) waar mense graag fotos neem van die oorhangende rots. Dan stap ons na die boonste kabelhuis (1076m hoogte), waar verversings gekoop kan word, en ons tyd verwyl om uitsigte van daar te sien. Lere, maar min blootstelling.

NB Bring jou ID saam om standaard prys of afslag op ‘n enkel kaartjie te betaal om met kabelkar af te ry. Indien wind te sterk is, sal kabelkar nie loop, en hierdie stap gekanseleer word. Weer kan veranderlik wees op Tafelberg, pak dus warm klere in. Bring genoeg drinkwater saam.

**Saterdag 25 April– Sculpture Corner sirkel, Fernkloof (Hermanus)**

**Bespreek by Johanita Kotze by 0825295440 teen 24 April**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 100 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R300.00 |
| **Stapafstand** | 16 – 18 Km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 3A | **Stapleier** | Johanita Kotze |
| **Aanmeldtyd** | 06h00 | **Vertrektyd** | 06h15 |

Ons mik vir 07:45 by die parkeerterrein by Fernkloof Natuurreservaat se hoofhek. Ons begin dan om 08:00 stap deur die tuine, op deur Boekenhoutbos se inheemse bome, steil op met Adder Ladder se sig-sag. By White Rock draai ons regs en stap tot by Galpin Hut waar ons ’n rukkie rus met pragtige uitsigte oor Hermanus. Vandaar stap ons die Sculpture Corner sirkel en gee ons verbeelding vrye teuels met al die mooi rotsformasies. Ons stap aan die voet van Aasvoëlkop (824m) verby, met ’n wye sirkel, vanwaar ons weer pragtige uitsigte in die rigting van Kleinrivier-strandmeer en Stanford het. Ons draai af na die 3 Mosselrivierdamme en stap tot onder met ’n steil afdraande. Onder by die damme stop ons vir middagete en verken bietjie rond. Dan terug deur die tuine van Fernkloof tot by die motors. N.B.Maak asb seker jy bring genoeg water saam. Afhangende van die weer kan die dag baie warm raak! Slegs vir bergfiks stappers

**Saterdag 2 May 2026 - Plaisir Trail, Plaisir Wine Estate, Simondium**

**Hike leader: Cynthia Slattery – Please Whats App Cynthia on 072 246 1902 by 13h00 on 1 May to confirm**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 20 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R60.00 |
| **Stapafstand** | 14 km | Toegangsgeld | R60.00 |
| **Gradering** | 2A | Stapleier | Cynthia Slattery |
| **Aanmeldtyd** | 7h30 | Vertrektyd | 07h45 |

Ons ry na die Plaisir Wyn landgoed in Simondium (ongeveer ’n half uur se ry vanaf Stellenbosch, waar ons parkeer en ons permitte verkry by die Wyn Proe sentrum.  The wandelpad begin after die ‘Trail Centre’.  Ons begin stap in die rigting van Simonsberg en stap terug op ’n ander paadjie langs ’n stroompie. Voetslaners en bergfietse deel die paadjie, so ons moet op ons hoed wees ten alle tye vir die fietse. Die paadjie kan glibberig wees in nat weer.

Tamlin Amber in her blog notes the following: “The trail offers a wide range of scenery and flora. There are forest sections near the streams, to proteas and pines nearer the top. This hike is quite exposed. You only really enjoy

shade in the stream sections and near the top in the pines. Apart from a few steep hill climbs, clay tracks and some rocky areas with loose sand, there is nothing too hectic to tackle. Overall, this is a truly beautiful, rewarding hike. It is not overly demanding; however, you will need water, plenty of sunscreen and comfortable shoes.” https://tamlynamberwanderlust.com/best-western-cape-day-hikes/

**Saterdag 9 Mei Rifberg en Katedraalpiek - Jonkershoek**

**Kontak Breyten van der Merwe teen 13h00 8 Mei by 078 291 3675 indien jy wil saamstap.**

**Hierdie is ’n veeleisende en uitdagende stap. Kyk vooraf Ralph Pina se video Scrambling up the Cathedral https://ralphpina.com indien jy twyfel of dit vir jou is.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | Geen | | |
| **Stapafstand** | 20 km | **Toegangsgeld** | R65.00 Wild card houers gratis. Geen kontant betalings. |
| **Gradering** | 4D Swart | **Stapleier** | Breyten van der Merwe |
| **Aanmeldtyd** | 07h00 in Jonkershoek | | |

Ons ontmoet om 7:00 by die Jonkershoek reservaat ingang.Ons parkeer by Witbrug en stap op tot by Bergriviernek.Dan stap ons noord op tot by Rifberg; die Tweede Rif. Vandaar is dit af met die gladde “Slab” roete. Om by die derde Rif te kom is daar ’n blootgestelde lysie en ’n baie versigtige geskarrel teen ‘ n grasagtige sloot op, bekend as die Groen Mamba, tot bo-op Katedraal. Dieselfde roete word weer terug gestap maar via Langrivier.

**Saterdag 16 Mei – Vogelgat Hermanus**

**Bespreek by Loumarie van Wyk teen 2 Mei by 084 622 2804**

**Die stap word beperk tot 9 stappers.  Let op die vroeër aanmeldtyd.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 100 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R300.00 |
| **Stapafstand** | 15 km | **Toegangsgeld** | R100.00 bydrae tot die jaarlikse permit |
| **Gradering** | 2B Oranje | **Stapleier** | Loumarie van Wyk |
| **Aanmeldtyd** | 06h45 | **Vertrektyd** | Vertrek uit Stellenbosch om 07h00 |

Ons ontmoet 8:45 by die ingang tot Vogelgat. Die stap begin dan by die basiskamp, via Shower en Vogelpoel na Guys-poel en keer met ‘n sirkelroete terug.

Bring swemklere. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om in dié privaat natuurreservaat te stap.

**Saterdag 23 Mei 2026  Constantiaberg en Olifant-se-stert grot - Silwermyn is n Cape Nature Reservaat**

**Bespreek by Hein Gericke by 0827770881 teen 22 Mei .**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Wildcard houers – kontak Kaap Natuurbewaring telefonies by 087 087 8250 om jou plek te bespreek en sodoende afslag te kry.** | | | |
| **Ryafstand** | 70 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R210.00 |
| **Stapafstand** | 9 km | **Permit** | R45:00, Wild Card gratis |
| **Gradering** | 2AOranje | **Stapleier** | Hein Gericke |
| **Aanmeldtyd** | 6:00 | **Vertrektyd** | 6:15 |
| Ons ontmoet om 07:00 by die parkeerterrein by die dam. Ons volg vanaf die dam die sirkel roete anti-kloksgewys. Ons stap verby die Olifantsoog grot'teen die berg op. Die roete is steil en uitputtend, maar nie tegnies moeilik nie. Ons begin ons stap op 474 m en klim tot by die radiomas ( 927m). Hier word ons begroet met asemrowende uitsigte na alle kante. Net na ons begin daal het aan die Houtbaai-kant van die berg, kry ons die weggesteekte Olifant-se-stert grot, verruklik mooi. Daarna daal ons steil af tot by die bekende uitsig-platform. Hiervandaan volg ons die roete deur die Prinskasteel vallei tot by ons beginpunt. Hierdie tyd van die jaar behoort die plantegroei welig en veelkleurig te wees. | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Saterdag, 6 Junie Skeleton Gorge tot Maclears Beacon**<br><br>**Bespreek by Johanita Kotze by telefoon nommer 082 6584082 teen 5 Junie.**<br><br>**Koop jou kabelkar en Kirstenbosch kaartjie voor die tyd aanlyn as jy nie 'n wildcard het nie, vir afslag en as jy 'n Wild card het kry jy extra afslag.** | | | |
| **Ryafstand** | 50 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R150.00 |
| **Stapafstand** | 10 km | **Toegangsgeld** | R100 Kirstenbosch en R295 kabelcar-pensionarise en Wildcard lede kry afslaf. |
| **Gradering** | 3B Oranje | **Stapleier** | Johanita Kotze |
| **Aanmeldtyd** | 6:45 | **Vertrektyd** | 7:00 |
| Ons ontmoet 8:00 by Kirstenbosch se toegangshek. Ons stap deur die tuin om die roete te kry: Skeleton Gorge is 'n gewilde roete na die Agtertafel, aangesien stappers in die skadu v/d beboste kloof bly. Die roete volg Smutspad na die kontoer pad en loop dan steil opdraand aan die linkerkant v/d ravyn. Daar is lere wat stappers op 'n paar steil, rotsagtige plekke help. Die kloof maak bokant hierdie roete oop & kom op die Agtertafel uit. Hier draai stappers na regs vir 'Maclears's Beacon' (die hoogste punt op Tafelberg, 1,085 m) Van hier volg die roete die paadjie na die 'Boonste Sweefspoorstasie' om met kabelkar na onder te beweeg.<br><br>Dis 'n taamlike 'scramble' met groot, steil rotsagtige gedeeltes in die kloof op, maak seker dat jy voorbereid is. | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Saterdag, 13 Junie Panorama Roete (Op tot Bergriviernek en af met Kurktrekker) - Jonkershoek**<br><br>**Bespreek by Johanita Kotze by 082 658 4082 teen 12 Junie.** | | | |
| **Ryafstand** | Geen | | |
| **Stapafstand** | 17 km | **Toegangsgeld** | R60.00, Wild card houers gratis. Geen kontant betalings. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Gradering** | 4B Rooi | **Stapleier** | Hanlie Caine |
| **Aanmeldtyd** | 07h45 by die hek in Jonkershoek | **Vertrektyd** | 08h00 |

Ons ontmoet om 7:00 by die hek van die Jonkershoek natuur reservaat. Ons parkeer by Witbrug en begin dan die steil klim na 'n kontoerpad net onder die Derde Ridge- en Banghoek-pieke. Deur die kontoerpad te volg, bereik jy Bergriviernek, vanwaar daar ongelooflike uitsigte oor Assegaaiboskloof is. Die pad kronkel dan oor die Dwarsberg-plato, met sy moerasagtige gebiede en strome omring deur disas, na Kurktrekkernek. Daar is 'n kort ompad hier, na die kruin van Guardian Peak (1 227 m), met asemrowende uitsigte oor die Kaapse Skiereiland, van Tafelberg tot Kaappunt, Robbeneiland, Valsbaai, Kaap Hangklip en die pieke van die Hottentots-Holland-reeks. Van Kurktrekker af daal die pad verby Tweede en Eerste watervalle na die beginpunt.

Op die dag van ons stap, kan ons saam besluit of ons wil op of af loop by die Kurktrekker!

**Saterdag, 20 Junie Kleinmond – Spooknek, Dots Dash, Klipspringer na die hawe**

**Bespreek by Maryna Loubser by 084 548 2864 teen 19 Junie.**

**Slegs vir fikse mense wat hoogtes, afdraendes en ongelyke terrein kan hanteer.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 80 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R240.00. |
| **Stapafstand** | 15 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2BRooi | **Stapleier** | Maryna Loubser |
| **Aanmeldtyd** | 7:00 | **Vertrektyd** | 7:15 |

Kom by die hawe bymekaar om 8.30.Ons begin stap by die hawe, met die plankiespad via oosoewer langs die rivier tot by Fairy Glen. Dan klim ons na kasteelkopnek en verder op na spooknek. Dan af met Dots Dash en Klipspringer. Ons stap deur Feetjiesbos en dan weer terug met oosoewer tot by die hawe .

**Saterdag 27 June 2026 Ox- wagon Trail, Somerset West**

**Bespreek by Fay Pistorius, 0782702269, teen 12:00 Vryday 26 Junie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 20 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R60.00 |
| **Stapafstand** | 10 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2B Groen | **Stapleier** | Fay Pistorius |
| **Aanmeldtyd** | 7:00 | **Vertrektyd** | 7:15 |

Ons begin stap by die Idiom Restaurant [-34.104674,18.941571]. Ons volg die ‘’jeep track” en daarna gaan ons op teen ’n kliperige pad wat geleidelik klim. Die totale klim vir die dag is 450m, op ‘n meestal goeie paadjie, soms baie steil. Gegroef in die klip is die spore van die ossewaens. Die eerste ossewa het binnelands beweeg vanuit die Kaap Kolonie in 1664. Die ossewa deurgang het ‘n piek bereik in 1821, met ongeveer 4½ duisend waens wat jaarlikes oor die pas jaarliks beweeg het. Ongeveer 20% van die waens het dit dikwels nie gemaak nie. Aan die bokant van die pas, loop ons reguit na die ou kannonne vir ‘n welverdiende breuk en versnappering, voor ons terug stap na Idiom. Die wat nie haastig is nie kan by Idiom ’n glasie klink of nog ’n versnappering wegsit!

| **Saterdag 4 July 2026 Banhoek - Duiwelskloof**<br><br>**Bespreek by Linda du Toit by telefoon nommer 072 107 0213 teen 3 Julie.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 12 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R35.00 |
| **Stapafstand** | ±14 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2BOranje | **Stapleier** | Hanlie Caine |
| **Aanmeldtyd** | 7:15 | **Vertrektyd** | 7h30 |
| Ons parkeer by teen 8:00 op Betlehemplaas en stap vandaar in die rigting van Boschendal tot by die afdraai na Duiwelskloof. Ons stap 'n bietjie opdraande tot by die begin van die kloof. Vandaar is dit 'n heerlike gelyk en koel paadjie tussen bome al langs die stroompie met indrukwekkende rotswande aan weerskante. Die laaste ongeveer derde van die roete behels ernstige "boulder hopping" en klipperige terrein tot by die waterval. Diegene wat die laaste gedeelte wil uitsit kan rustig wag totdat die res van die groep met dieselfde pad terugkeer. Ons volg dieselfde pad vanaf die kloof terug na die beginpunt. | | | |

| **Saterdag 11 Julie 2025 Koopmanskloof – (Stap & sosiale kuier en ontbyt). Stellenbosch**<br><br>**Bespreek by Mariella de Lange by 072 170 2888 teen 10 Julie.** | | | |
|---|---|---|---|
| Ryafstand | 18 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R 54 |
| Stapafstand | 5 km | Permit | Geen |
| Gradering | 1A/2A | Stapleier | Mariella de Lange |
| Aanmeldtyd | 07h45 | Vertrektyd | 08h00 |
| Stappers kom 08:30 op Koopmanskloof se werf byeen. Ons stap dan met die voetpaadjie op teen die Bottelaryheuwels tot by die Berghut met pragtige uitsigte van 360º. Geleë 476m bo seespieel, kans ons die uitsigte van Tafelberg tot Paarlberg sien, sowel as die Drakenstein en Stellenbosch berge. Aan die oorkant lê die prag van Valsbaai. Vandaar keer ons terug na die werf toe. Di's 'n kort stap, dus kan die wat wil uitspan vir 'n ontbyt na die tyd in die Devonvale buurt. | | | |

| **18 Julie 2026 Assegaaiboskloof – ARC Bergrivierdam tot Jonkershoek**<br><br>**Bespreek by Linda du Toit by 072 1070 213 teen 3 Julie.**<br><br>**Die stap begin by die hek van die Jonkershoek natuur reservaat vanwaar stappers per bussie na die ARC hek Agter die Bergrivierdam vervoer word.**<br><br>**Dit is 'n permit stap en getalle word beperk. Lede kry voorkeur.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | Geen | **Koste van bussie** | Ongeveer R300 pp (Presiese koste sal nader aan die stap tyd |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | beskikbaar wees) |
| **Stapafstand** | 22 - 27km | **Toegangsgeld** | R60.00 |
| **Gradering** | 4BOranje | **Stapleier** | Linda du Toit |
| | | | |

Ons ontmoet om 5:45:by Jonkershoek hek. Die bussie na ARC vertrek stiptelik om 6:00. Ons kry permitte en stap dan langs die Bergrivierdam. Nadat ons die Bergrivier se inloop gekruis het, stap ons met ’n jeeptrack in die rigting van Jonkershoek. In Assegaaiboskloof, wat hopelik dan groen is na die brand in Januarie, kan ons die hoë kranse en klowe bewonder. Die Jeeptrack gaan later oor in ’n voetpaadjie. Na ’n welkome ruskans waar die Berrivier sy oorsprong het stap/klouter ons op met die sig sag paadjie na Bergriviernek. Vanhier kyk ons oor die Jonkershoek vallei. Ons stap nou af met die paadjie na Witte brug. (Ons gaan probeer om vervoer te kry tot weer by die hek – om die ekstra 5 km te spaar.)  Dit beloof om ’n lang, uitputtende maar heerlike dag te wees.